
BOEKBESPREKING

J. S. du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaanse Republiek (1859-1902)—Doktorale Proefskrif: Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.—Argief-jaarboek vir S.-Afr. Geskiedenis XVIII-I, Staatsdrukker, 1955.

Hier het ons 'n omvattende en histories-metodologies voorbeeldige behandeling van bogenoemde belangwekkende onderwerp, in helder en aangenaam-leesbare styl.

Uit die aard van die saak gaan die skrywer nie in op die staatscoretiese

agtergrond van die verskille tussen die volksraadsrigting en die kommandant-generaal-rioting nie, maar die historiese ontwikkeling van staatsinstelling onder invloed van die betrokke beginselverskille word voorlopig afdoende behandel.

In hoofstukke I tot V word die geleidelike vormkryging van die Staatspresidentskap uiteengesit vanaf die Trekperiode tot 1858.

In hoofstukke VI tot XI word die verskillende aspekte van die amp behandel veral wat die Suid-Afrikaanse Republiek betref, maar ook met verwysing na die O.V.S.

In laasgenoemde deel word eers die diensvoorwaardes van die President behandel, dan sy verhoudinge tot Uitvoerende Gesag, Wetgewende Gesag, Regterlike Gesag en Krygsmag, en wel alles met vermelding van die historiese ontwikkeling in die gekose tydvak.

Duidelik word aangetoon hoe die president deur wetgewing en gebruik steeds meer op die voorgrond getree het, veral ten tyde van pres. Kruger.

Besonder interessant in verband met die moderne kwessie van die hof se toetsingsreg is die beknopte maar deeglike behandeling van die bekende Kotze-kwessie van 1896.

Van harte word hierdie proefskrif vir studie en vir lektuur aanbeveel.

L: J: DU PLESSIS

* * *

Dr. J. D. Vorster: **Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie, 1652-1795**; uitgegee deur Pro Rege-Pers, Beperk, Potchefstroom, in 1956; bls. 140; prys 10/-.

Wetenskaplike werke oor die kerkregtelike ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Kerke bly maar skaars, daarom is dit so 'n genoeë om bogenoemde werk van dr. Vorster aan te kondig. Ons het hier te doen met 'n proefskrif waarmee dr. Vorster die doktorsgraad verwerf het.

In sy studie het hy 'n deurtastende ondersoek ingestel na die kerkregtelike beginsels wat gegeld het tydens die Kompanjie-tydperk en hoever die kerk die beginsels onder die patronaatskap van die Kompanjie kon uitlewe. Om hierdie doel te bereik is 'n grondige studie gemaak van die staatkundige verbande tussen die verskillende belangstellende partye, bv. die verhouding tussen Kerk en Staat in die Nederlande gedurende die 17e en 18e eeue; die verhouding tussen die Moederkerk in Nederland en die V.O.C.; die verhouding tussen die Indiese Kerk en die V.O.C., en die verhouding tussen die Kaapse Kerk en die V.O.C. Teen hierdie agtergrond behandel dr. Vorster dan die probleem van die kerkregtelike ontwikkeling aan die Kaap deur verder die kerklike verbande tussen die verskillende kerk-groepe aan te dui, nl. die verhouding van die Kaapse Kerk tot die Kerk in Nederlands Oos-Indië en daarna weer die verhouding van die Kaapse Kerk tot die Moederkerk in Nederland, en dan skenk hy aandag aan die kerkorde wat deur die Kaapse Kerk gevolg is en dui die toepassing van die beginsels, sover as omstandighede aan die Kaap dit toegelaat het, aan. Eindelik vat hy die resultate van die ondersoek in 'n slothoofstuk saam.

Hierdie werk word verwelkom omdat daardeur nou eenmaal deurtastende aandag geskenk is aan die sgn. kerkordevraagstuk in die Kaapse Kerk, en dit stel verder in staat om die kerkregtelike ontwikkeling aan die Kaap gedurende die 19e eeu beter te kan beoordeel.

Vir diegene wat belangstel in die kerkregtelike ontwikkeling van die Kerke in Suid-Afrika is dit beslis 'n belangrike werk, en as sodanig wil ondergetekende dit graag verwelkom en aanbeveel.

Die boek is baie netjies afgewerk en die uitgewers verdien alle lof vir hulle werk asook vir die prys waarvoor hulle die boek op die mark gebring het.

J.P.J